



# Die Olieelamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## REDAKSIONEEL

### 'n Brief aan God

Hierdie brief het my aangegryp. Hoe kan dit wees dat iemand só 'n beeld van God het? Ek het die brief al 'n hele paar keer gelees. Lees maar saam:

### 'n Brief aan God

Ek kom na U as 'n sondaar.  
In my lewe is daar onrus wat my al jare lank agtervolg.  
Ek doen altyd my uiterste bes.  
Ek werk altyd vol ywer.  
Baie keer is ek uitgeput en kan nie slaap nie.  
Angs oorval my en bring onrus in my hart: ek lê en sweet van angs.  
Voordat ek gaan slaap, bid ek vir 'n goeie nagrus, sodat ek weer vars die nuwe dag kan begin. Ek smee U om my te verlos van hierdie angs en pyn. Laat my weer in vrede leef, vol vreugde en blydschap.  
Heer, staan my by, gee my die rotsvaste vertroue dat alles weer goed sal kom, laat my nie wanhoop nie.  
Ek weet dat dit nie U wil is nie.  
Neem my angs weg en gee my u goddelike rus.  
Heer, gee my liggaamlike en geestelike krag.  
Ek vra dit nie omdat ek dit verdien het nie, maar alleen uit genade, om Jesus wil  
Amen.

### Brief aan watter God?

Hierdie jongman het rus gesoek en bevryding van sy angs vir die oordeel. Hy werk hard om God tevrede te stel, maar kry dit nie reg nie. Hy het rus gekry, maar hy het nie 'n ander uitweg gesien nie as om sy eie lewe te neem. In sy brief rig hy hom tot God soos God aan hom voorgestel is in sy opvoeding, preke en katekisasies. 'n God wat hoë eise stel aan mense, terwyl Hy weet dat hulle dit nie kan volbring nie. 'n God wat almal laat verlore gaan wat nie na sy eis lewe nie. Ook al doen jy

jou bes, as jy nie uitverkies is nie, is al jou inspanning waardeloos. Dit is aangrypend dat hy vlug tot die God vir wie hy so bang is.

Die God van die Bybel is egter iemand anders. Hy oorbrug die afstand tussen sy eis en my prestasies. Die brug is die kruis van Christus. Ek doen my bes voor God, nie omdat ek vir Hom bang is nie, maar omdat ek Hom liefhet.

Die jongman van hierdie brief het rus gevind. God laat nie iemand wat hom só aan God vasklem, verlore gaan nie. Hy weet nou: God is geen werkgewer nie, maar 'n Vader. Hoekom het hulle dit nie eerder vir hom vertel nie?

Namens die Kaapse redaksie  
Sjirk

### Jaargang 7 nr 8, November 2003

#### INHOUD

Redaksioneel	1
<b>Uit Die Woord</b>	<b>2</b>
Die lewe is 'n lied!	2
Wat word van die vrug van die Gees in die gejaagde lewe van vandag?	3
<b>Op Pad</b>	<b>4</b>
Studeer en Finansies?!	4
Kerk: Nie 'n Toeskouersport Nie!	5
Die Bybel is uniek!	7
<b>Voel Jy Ook So?</b>	<b>9</b>
Genadedood	9
Progressive Creationism	10
Die gesin - nog relevant vandag?	11
Harry Potter - mag ons dit lees?	13
My lewe?	14
<b>Voetspore</b>	<b>15</b>
GUtentag, JUgend	15
<b>Gedigte</b>	<b>16</b>
Uitverkies	16

## DIE LEWE IS `N LIED!

*Thys van der Hout*

Voel jy bly? Voel jy hartseer? Of voel jy nie meer nie? Die vraag is: is jou gevoel geldig? Hoe dit ook al sy, **sing saam!**

Elkeen van ons, jonk of oud, stap op die lewenspad. Wag, dink `n slag weer na ... ja, ons paaië verskil, maar tog het ons *almal* iets in gemeen. Wie is die *almal*? Is jy deel van hulle? Wie bepaal of jy deel is van hulle?

Ek wil graag die lewenspad vergelyk met `n lied. Hierdie unieke lied is sonder enige twyfel die mees variërende lied wat bestaan. Of jy wil of nie, jy is besig om saam te sing. Jy besef dit dalk nie altyd nie.

Is jy deel van die koor? Dalk sê jy: "Ja, verseker", of twyfel jy? Wie bepaal of jy deel is van die koor? So hoe voel jy nou ... dat jy besig is om te sing? Luister mooi ... hoor jy dit? Wees bly, want jy sing nie alleen nie. Nee, dis `n koor wat sing, geoor die wêreld!

Die vraag bly egter, vir wie, tot wie, vir wat sing ons? Vir onself of vir iemand anders? Dis die oorwinningslied: God is met ons - wie kan teen ons wees?! Luister hoe weerklink die lied! Oor die aarde en in die hemel word daar gesing. Loof die Here, sing: "Halleluja, die heil

en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God. Prys die Here!"

As jy deur die boek Psalms blaai - meer spesifiek Ps. 100 tot Ps. 150 - sien jy telkens weer die woorde: "Loof die Here!"

### **Psalm 150:**

Halleluja! Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitspanse!

Loof Hom oor sy magtige dae, loof Hom na die volheid van sy grootheid!

Loof Hom met basuingeklink; loof Hom met harp en siter; loof Hom met tamboeryn en koordans; loof Hom met snarespel en fluit; loof Hom met helder simbale;

loof Hom met klinkende simbale!

Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

Psalm 150 is inderdaad as geheel `n magtige simfonie, `n uiters gepaste lof-finale vir die Psalmbundel as geheel. Die Psalm bestaan uit `n aantal oproepe (gerig tot *almal* wat leef, in die hemel en op die aarde) om God te prys onder begeleiding van musiekinstrumente. Ja, laat *almal* wat asem het die Here loof!

### **REDAKSIES:**

#### **Pretoria:**

Redaktrise: Tanya de Vente  
Sekretaresse: Petra Ros  
Lede: Wilma Lubbinge  
Arjan van Houwelingen  
Marius Bijker  
Illustrasies: Alex van Houwelingen

#### **Maranata:**

Redaktrise: Cora Visser  
Peningmeesteresse: Linda de Vente  
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout  
Lede: Johan de Vente  
Thys van der Hout  
Elizabeth Aartsma

#### **Kaapstad:**

Redakteur - Sjirk Geerts  
Artikelversorger - Corrien Geleynse  
Artikelversorger - Carina van Alten  
Teksvorsorging - Sandra Scheltens  
Sekretaresse - Lieneke Eefting  
Finansies - Albert Drijfhout

#### **Administrasie & uitleg:**

Willemien Kleijn - willy\_k@absamail.co.za  
Arjan Bijker - bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.  
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

---

# WAT WORD VAN DIE VRUG VAN DIE GEES IN DIE GEJAAGDE LEWE VAN VANDAG?

Erik-Jan Moes

**Galasiërs 5:22:** "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."

Ons bevind ons vandag in 'n postmoderne wêreld - 'n wêreld wat gekenmerk word deur subjektiwiteit, individualisme en relevansie. Maar iets anders wat ook tipies is aan hierdie tydsges, is die tempo waarteen alles gebeur (dink byvoorbeeld aan tegnologiese vooruitgang). Daar is nie tyd vir rondhang of stilstaan nie, en as jy nie pasop nie, raak jy agter. DIE LEWE IS EEN GROOT GEJAAG!

In hierdie postmoderne tydsges, waar alles teen 'n hoë tempo plaasvind, gebeur dit dikwels dat mens vasgevang word in jou eie individualistiese wêreld; 'n wêreld waar jou naaste gewoonlik 'n tweede plek moet inneem en waar eiebelang so gou dreig om jou lewe te beheers. Die fokus skuif so maklik op jou eie kragte en alles wat jy gedoen moet kry dat jy somtyds heeltal perspektief verloor. Maar watter posisie neem God in jou klein, eenvoudige wêreldjie in? Geniet God die hoogste prioriteit in jou lewe? As ek meer spesifiek kan wees: **wat word van die vrug van die Gees?** Om dit te kan beantwoord, moet ons weet wat die vrug van die Gees is.

Paulus noem in Gal. 5 die **vrug** van die Gees teenoor die werke van die vlees. Dit is opvallend dat Paulus noukeurig tussen die praktyke (**werke**) van die sondige natuur en die **vrug** van die Gees onderskei (vergelyk v.19 en v.22). Hy maak dit duidelik dat dit nie om goeie dade gaan wat **gedoen** moet word om vir God aanneemlik te wees nie, maar om die natuurlike uitvloei van 'n lewe wat nou deur die Gees beheers word. Ons lees in Gal. 5:16: "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie."

Ons kan die vrug van die Gees in drie groepe verdeel. Die eerste groep is liefde, blydskap en vrede. Dit skets die Christen se algemene geestesgesteldheid. **Liefde** word breedvoerig in 1 Kor. 13 deur Paulus beskryf. Ons lees in Kol. 3:14: "En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is." Wat behels **blydskap/vreugde**? Ons kan ewig dankbaar wees vir die verlossing deur Jesus Christus, wat sy bloed vir ons gegee het om vir

ewig ons skuld van ons weg te neem. Wie sal dan nie bly wees nie?! **Vrede:** 'n gawe van God aan die gelowige, wat nie alleen die basis kan vorm van mense onderling nie, maar ook die gemoedsrus en stille vertrouwe van die gelowige omvat.

Die tweede drietal, naamlik geduld, vriendelikheid en goehartigheid, beskryf verdere eienskappe van die gelowige se lewe en die lewe teenoor sy naaste. **Lankmoedigheid/geduld:** iets waarin ons dikwels so te kort skiet. Dit is die vermoë om verby die onmiddellike te kan kyk en die genade om nie jou eie belang eerste te stel nie. **Vriendelikheid:** 'n kenmerk van die Gees en die uitvloei van vreugde wat dit voorafgaan. **Goedheid:** ander beskrywende woorde hiervoor is sagtheid, voortreflikheid en toegeeflikheid.

Die laaste drietal noem die beginsels wat die Christen se gedrag beheers. **Getrouheid** is die basiese woord vir geloof in God en in die medemens. Die bedoeling van Paulus met geloof in die medemens kan hier die beste weergegee word deur "lojaliteit". Jesus beskryf **sagmoedigheid/nederigheid** in Matt. 11:29 waar Hy sê: "Neem My juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele". **Selfbeheersing:** dit is redelik vanselfsprekend. Ons lees in Spreuke 10:19: "By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie, maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig."

Ons moet leer om soos Paulus te bid dat ons vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:19b). Om hierdie vervulde Christenskap te kan bereik, vra Paulus drie dinge in gebed, nl. die kragtige werking van die Heilige Gees, die inwoning van Christus in ons harte en die kennis van die liefde van Christus. Daarsonder kan ons nie die vrug van die Gees toon nie. Laat ons daarom in hierdie lewe bid dat die gejaagdheid nie ons werklike doel in die lewe verswelg nie - 'n lewe met Christus en tot eer van God wat duidelik gekenmerk word deur die vrug van die Gees!

## STUDENTE EN FINANSIES?!

*Marjan Middeljans*

'n Ironiese opskef, nie waar nie? In die meeste gevalle is dit juis finansies wat in 'n student se lewe skitter in sy afwesigheid. Tog was dit die tema van 'n onlangse, en baie vrugtevolle, studentevereniging ...

### **"The Golden Rule: He with the gold makes the rules"**

Het jy al nagedink oor hoekom jy swot /sal swot/geswot het? Is/was dit om eendag God en jou naaste beter te kan dien, of is/was dit om eendag meer geld in die hande te kan kry? Baie keer is dit die geval dat mense "natuurlik swot om beter te kan dien, maar ai, 'n ou kan darem nie sonder bietjie ekstra klaarkom nie en dis hoekom ek hierdie rigting swot" eerder as om heel eerste te kyk wat GóD van ons vra.



Betekén dit nou dat ons glad nie 'n rigting mag kies wat goed betaal word nie? Nee glad nie, dis jou uitgangspunt wat reg moet wees - die begeerte na rykdom mag nie die dryfveer vir jou studierigting wees nie. Die oomblik wanneer geld jou begin beheer - dit geld ook vir die reeds werkendes onder ons - is jy op die afdraande pad.

Tydens die studentevereniging is daar 'n baie interessante gesprek met betrekking tot die beginsels van lenings gevoer. Dit is ekonomies nodig om mense te bind aan lenings. Sodra

mense aan 'n lening gebind is, het die persoon aan die ander kant van die lyntjie mag oor jou. Hy is ook verseker van 'n inkomste vir die volgende soveel jaar. Die van ons wat gedink het dat instansies wat lenings uitreik dit uit goedhartigheid doen, sal weer oor die uitgangspunt moet dink. Onthou dat wanneer dit oor ekonomiese sake gaan, die lener homsélf eerder as jou wil bevoordeel. In hierdie wêreld word geld as mag beskou en as iemand jou geld skuld, het jy mos mag oor die persoon? Ryk lande kan dikwels maak en breek soos hulle wil met lande wat aan hulle geld skuld. Die goue reël in die wêreld: "He with the gold makes the rules."

Sommige mense dink as gevolg van bogenoemde dat dit verkeerd is om 'n lening aan te gaan om te gaan studeer. Jy gee dan geld uit voor jy dit het en reken dan op God om jou te seën in jou werk om die lening terug te kan betaal. Daarby bind jy jouself ook nog. As hierdie standpunt reg is, is dit miskien beter dat ons almal opskop en gaan werk soek ;-). Ons het die opdrag ontvang om met ons talente te woeker (Matt. 25:14-30 & Luk. 19:11-27) - dit kan jy ook deur middel van jou studies en daarna in jou werk doen. Die konklusie van hierdie vraagstuk was dat jy geld mag leen, maar met 'n gedefinieerde doel - om God en jou naaste te dien en te eer. Die studielening moet verantwoordelik gebruik word en nie uitgemos word op allerhande onnodige 'outings' nie. Indien jy 'n lening verantwoordelik aangaan, mag jy vertrou dat God jou sal seën in jou werk sodat jy die lening sal kan terugbetaal. Hy sal seën wie Hom vrees (Ps. 128).

*"Don't give what's left, give what's right!"*

Ons het op 'n punt uitgekom waar gekyk moet word na verantwoordelike geldbesteding. Onthou dat alle seëninge, ook finansies, van God af kom. Om ons dankbaarheid te toon en

ons eie onmag te erken, is dit nodig dat ons God gee wat Hom toekom. Die Bybel eis tien persent van jou verdienste (Lev. 27:1-34). Om gereeld die kerk en skool te betaal, is dus nie 'n opsie nie - dis eintlik 'n eis! Dit is veral 'n jeug-ding om eers al jou geld te spandeer en daarna te kyk hoeveel tien persent is van dit wat oorbly. Dit kan ons dus maar aan die kerk en skool afstaan - ons het mos in elk geval nie kinders op die skool nie? Hoe dankbaar is jy vir die gawes wat jy ontvang? Daar is 'n besonder treffende 'rympie' onder die jeug in die NG- en Charismatiese kerke:

**JOY =**

Jesus first

Others second

Yourself last

Is dit nie wat God ons in sy Woord wil leer nie? Om terug te kom na die gawes wat jy ontvang het - talentgewys en finansiële - God vra verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid met betrekking tot die gebruik van jou gawes én die besteding van jou finansies. Dien Hom met jou talente én jou finansies. "Don't give what's left, give what's right".

## KERK: NIE 'N TOESKOUERSPORT NIE!

**Cornelis Kleyn**

*Een dag, lank gelede, het die diere besluit om 'n skool te bou. Hulle het 'n kurrikulum aanvaar wat hardloop, klim, swem en vlieg behels het. Al die diere het alle vakke gedoen.*

*Eend was 'n goeie swemmer. Maar Eend het baie swak gevaar in hardloop. Omdat sy so stadig was, moes sy swem los om meer aandag aan hardloop te gee. Dit het veroorsaak dat haar gewebte voete 'n bietjie beskadig geword het, sodat selfs haar swem net middelmatig was. Maar middelmatigheid was goed genoeg.*


*Hasie was die vinnigste hardloper in die klas. Na 'n ruk het hy egter spierspasmas gekry vanweë al die harde swemoefeninge.*

*Eekhorinkie was 'n goeie klimmer, maar haar frustrasie was eindeloos by vliegklasse, omdat die onderwyser haar konstant herinner het dat sy nie uit die boom nie, maar in die boom, moes vlieg. Sy kry toe krampe van oorinspanning en het op die ou end 'n C gekry vir klim en 'n D vir hardloop.*

*Arend was eiewys en het altyd sy eie metode gehad om dinge te doen. In klimklasse was hy altyd die eerste bo in die boom, maar het aangedring dat hy sy eie metodes gebruik. (Vertaal uit Wright, 1994:109).*

Wat 'n frustrasie! So 'n verskeidenheid gawes maar so min benut daarvan! Is dit nie baie dieselfde met ons geestelike gawes nie? Maar het elkeen werklik gawes ontvang? Ek sien Piet

is 'n goeie leier, het 'n goeie kennis en doen effektiewe evangelisasie. Ek het nie sulke gawes nie! Het ek wel gawes? Is dit belangrik om my gawes te ontdek? Hoe ontdek ek hulle? Hoe werk ek met my gawes?



### **Die Oorvloed en Verskeidenheid van Gawes**

In 1 Petrus 4:10 staan daar: "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het". Almal het dus gawes ontvang: man en vrou, slaaf en vryman (Gal. 3:28b) en jonk en oud (Hand. 2:17-18). Paulus skryf ook gereeld oor die groot verskeidenheid gawes (1Kor. 7; 1 Kor. 12:8-18 en 28; 1 Kor. 13-14; Rom. 12:1-8 en Ef. 3-4). Die Nuwe Testament noem in totaal meer as 25 geestelike gawes. Dit sê nie dat daar nie meer as dit bestaan nie, maar die vernaamste gawes word wel in die Bybel genoem.

Meeste gawes is aan almal gegee, maar tot 'n mindere of meerdere mate. Almal het byvoorbeeld die opdrag van God gekry om gasvry te wees. As almal die opdrag ontvang,

dan het almal ook gawes daarvoor gekry. Sommige mense het egter die gawe uitnemender gekry as ander. So is sommige mense dan byvoorbeeld meer gasvry as ander.

### **Die Doel van die Gawes en Hoekom dit Belangrik is om Hulle te Ontdek**

Te Velde (1992) vergelyk die kerk van vandag met 'n toeristebboot wat gedryf word deur een man. Dié man doen al die praat- en bestuurwerk en al die toeriste wat saam met hom op die boot is, luister net na hom. Wright gebruik baie dieselfde idee as hy die kerk vergelyk met sittende toeskouers wat sit en kyk hoe daar net 'n paar mense hardloop. (Vandaar ook die titel van hierdie artikel). Wat duidelik blyk uit hierdie voorbeelde, is dat almal in die kerk dienstig moet wees. Hoe kan jy dienstig wees sonder om te weet waar jou gawes lê?

God wil nie hê dat ons onkundig is oor wat ons gawes is nie. God sê nie verniet in 1Kor. 12:1: "En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie". God wil hê dat ons moet weet watter gawes ons het.

Ons het in die laaste onderdeel ook gesien dat almal wel gawes ontvang het. Is dit dan reg om hierdie gawes te ignoreer? Is dit nie dieselfde as om 'n presentjie weg te gooi nie? Wat 'n belediging vir ons Hemelse Vader!

Dit is belangrik om ons gawes te ontdek ook vanweë die doel van die gawes. Hierdie doel is tweeledig. In die eerste plek is daar die doel van persoonlike geestelike groei en die verheerliking van God se Naam deur hierdie groei. In die tweede plek is daar ook die doel om die gemeente deur die gebruik van die gawes op te bou en so mekaar te dien. Dit is gedrewe deur die naasteliefde. God wil hê dat jy weet watter gawes jy het, sodat jy hulle kan gebruik om jou eie geloof en die gemeente op te bou tot verheerliking van sy Heilige Naam.

### **Die Ontdekking van jou Gawes**

Hoe ontdek ek my gawes? Ons het al gesien dat dit belangrik is om jou gawes te ontdek. Maar is dit nie snaaks nie om te vra: watter gawes merk jy by jouself op? Hoe kan ek nou iets goeds in myself vind? Is ek nie in sonde ontvang en gebore en geneig tot alle kwaad nie? Ons moet egter nie daarteen bly vaskyk nie. Dit is waar dat uit onself ons niks goeds

kan doen nie, maar die Gees werk in ons en vernuwe ons. Die Gees gee ons gawes. Maar nou die vraag: hoe ontdek ek my gawes? 'n Paar belangrike punte kan as volg opgenoem word:

1. Besef die belangrikheid om jou gawes te ontdek.
2. Vorm 'n grondige begrip van wat 'n gawe werklik is.
3. Maak jou hart bereid om te dien deur vertrouwe op jou Maker.
4. Vorm 'n lys van moontlike gawes: gebruik die Bybel, maar gaan ook breër. Die volgende lys kan dalk help, al is dit onvolledig:
  - 📖 Die gawe om ander te dien, barmhartigheid te bewys en hulp te verleen
  - 📖 Ander te onderrig
  - 📖 Bemoediging te gee
  - 📖 Gee aan armes en behoeftiges
  - 📖 Leiding neem by vergaderings of in sosiale kringe
  - 📖 Kennis hê (die ken van feite)
  - 📖 Wysheid hê (toepassing van kennis op lewe)
  - 📖 'n Sterk en voorbeeldige geloof
  - 📖 Genesing, hetsy sielkundig of liggaamlik
  - 📖 Onderskeiding van die geeste van die tyd
  - 📖 Vermaning en teregwyding
  - 📖 Gawes vir administrasie, bestuur en organisering
  - 📖 Evangelisasie
  - 📖 Herderlike sorg
  - 📖 Gasvryheid
  - 📖 Sending
  - 📖 Preek en voordrag
  - 📖 Gebedsgawes
5. Kyk na jou verlede om te sien watter gawes jy al eerder mee gewerk het. Watter ervaring het jy opgedoen? Wat het jy gestudeer? Waarin het jy kennis?
6. Kyk watter nood daar in die kerk en buite die kerk is en waar die gemeente jou hulp kan gebruik.
7. Besluit waar jy die liefste wil dien.
8. Sal jou arbeid 'n verskil kan maak?
9. Put jy genot daaruit om daar te dien?
10. Wat sê ander medegelowiges oor jou vermoëns?
11. Vat jou tyd om jou gawes te ontdek. Bid daarvoor en mediteer. Lees boeke en artikels oor die verskillende gawes en verbreed jou kennis.

12. Die ontdekking gebeur gewoonlik vanself. Byvoorbeeld, by Bybelstudie kom almal gou agter wie het kennis en tydens besoeke wie die gawe van gasvryheid besit.

### Op die Regte Manier aan die Werk met jou Gawes

Ons het reeds gesien wat die doel van die gawes is: persoonlike en gemeentelike opbou. Die doel van die gawes is diens. "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien" (1 Pet. 4:10). Ons mag nie die genadegawes ignoreer nie, maar het 'n opdrag om daarmee te werk. "Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is" (1 Tim. 4:14). Ons moet die gawes ontwikkel deur hulle te beoefen.

Ons moet egter wel oppas dat die aanwending van genadegawes nie verkeerd plaasvind nie. In die eerste plek mag die gawes nie die normale take in die kerk vervang nie, maar moet dit juis aanvul en uitbou. In die tweede plek mag ons nie praat oor die gawes as taakverligting vir die predikante, kerkrade en verskillende kommissies nie. Die gawes het 'n veel dieper fondament en betekenis as net hulpverlening aan die kommissies. In die derde plek moet ons ook oppas vir misbruik van die gawes. Dit kan kom as ons net onself met die gawes dien. Dit kan kom as ons dien teen ons

sin in. Maar ons kan ook uit luiheid en onwil ons gawes misbruik. Ons mag nooit die verskoning gebruik van 'jammer, maar daar het ek nou eenmaal nie die gawe vir nie', en daaragter bly skuil net om weg te bly van diensbetoning nie. Die idee van die gawes is nie dat een klein groepie al die werk doen nie, maar juis dat almal deelneem aan die gemeenskap van die heiliges (Te Velde, 1992:95).

### Ter Afsluiting

Net soos die eend goed kan swem en die hasie goed kan hardloop, so het ons ook almal verskillende gawes van die Here ontvang. Die Here het 'n oorfloed gawes gegee. Dit is belangrik om hulle te ontdek sodat almal saam die Here kan dien. Op so 'n manier kan ons die doel bereik om onself en mekaar op te bou in die geloof. Kom ons dank God vir die gawes wat Hy so ryklik aan ons skenk en sit die gawes om in diensbetoning tot eer en verheerliking van sy Naam. Aan Hom kom die eer toe, van nou af tot in alle ewigheid.

Bronne:  
Floor, L. 1999. *De gaven van de Heilige Geest in bijbels-theologisch perspektief*, Heerenveen: Uitgeverij Groen.  
Te Velde, M. 1992. *Gemeente Opbouw 2*, Barneveld: Uitgeverij De Vuurbaak.  
Wright, E. 1994. *Church No Spectator Sport*, Darlington: Evangelical Press.

---

## DIE BYBEL IS UNIEK!

Elise Geerts

### Niemand kan ontken dat die Bybel uniek is in die manier waarop dit ontstaan het nie

Hoe kom 'n gewone leesboek tot stand? Iemand besluit om 'n boek te skryf, versamel inligting, ontwerp 'n skema, skryf die manuskrip en laat dit druk. Soms word 'n boek deur meer as een skrywer geskryf. Dan besluit die skrywers saam hoe die boek gaan lyk en hoe hulle dit gaan publiseer. Hier is dus sprake van 'n **gemeenskaplike poging**.

Die Bybel is in hierdie opsig totaal uniek. Dit is geskryf deur meer as **veertig skrywers** wat geen afspraak met mekaar gemaak het nie! Hulle het nie saam besluit hoe hulle die 'boek' sal uitgee nie. Hulle kon ook nie, want die Bybel is oor 'n tydperk van meer as **1500 jaar** geskryf. Ons kan dit slegs sien as 'n wonder van

God: sonder 'n uitgewerkte **skema** of ontwerp word eeu na eeu die een stuk by die ander gevoeg, totdat die Bybel kompleet was!

Die skrywers van die Bybel het almal in verskillende kulture en omstandighede geleef, byvoorbeeld:

- Moses was 'n politikus (opgelei in die wysheid van Egipte);
- Salomo 'n koning;
- Esra 'n skrifgeleerde;
- Amos 'n skaapboer;
- Nehemia 'n goewerneur;
- Petrus 'n visser;
- Mattheüs 'n tollenaar;

- Lukas 'n dokter en
- Paulus 'n Christenvervolger.

Nie een van hulle was dus 'n skrywer van beroep nie, maar almal is deur dieselfde Heilige Gees geïnspireer! Hulle het ook in verskillende gemoedstoestande geskryf, bv. in blydskap, verdriet en wanhoop. Hulle het in drie verskillende wêrelddele geskryf: Asië, Afrika en Europa. Hulle het in drie verskillende tale geskryf: Hebreeus, Aramees en Grieks. Met al dié verskillende bronne wat in verskillende tale, lande en gemoedstemmings geskryf is, het **een** Boek ontstaan. Tog is daar 'n duidelike lyn deur die hele Bybel. Van Genesis tot Openbaring gaan dit om twee vrae: "Wie is God?" en "Wat is die mens?"

Vir ons as nietige mense klink dit byna onmoontlik dat met soveel skrywers in so 'n lang tydperk in verskillende tale en in verskillende kulture só 'n BOEK ontstaan het. Vir God, wat nooit sy kinders vergeet nie, is egter niks onmoontlik nie. Ons kan slegs verwonderd en dankbaar wees.

Ek is die Here,  
daar is geen ander nie,  
buiten My is daar geen God nie. (Jesaja 45:5a)

Stadig maar seker, letter na letter, woord na woord, sin na sin is die Ou Testament vier eeue voor ons jaartelling klaar. En soos dit toe afgerond is, so lyk dit vandag nog. Daar word duisende boeke geskryf, maar die meeste is na een geslag alweer totaal vergete. Daar is boeke wat langer die aandag van mense behou, maar watter boek is soos die Bybel al baie eeue oud en nog altyd dieselfde en nog altyd aktueel? Nie een nie. Boeke raak uitgelees, maar die Bybel nooit nie, want ons ontdek steeds iets nuuts. Daarby is die Bybel universeel, met ander woorde, dit is op almal van toepassing. Die Bybel is die enigste boek in die wêreld wat deur almal gelees kan word en wat elke persoon aanspreek, van watter stand of ouderdom ook al.

Hoe kan dit dat die Bybel deur die eeue heen nie verander het nie? Die eerbied vir die Bybel was só groot dat, soos die Joodse geskiedskrywer Flavius Josephus eenmaal gesê het, niemand in al die eeue dit gewaag het om iets aan die Bybel toe te voeg of daarvan weg te haal nie. En hierdie eerbied vir die Woord is

die gevolg van die ontsag vir die lewende God wat spreek.

Hoekom bestaan die Bybel uit slegs 66 boeke? Waarom is die apokriewe boeke nie ook deel van die Bybel nie? Al antwoord hierop is dat dit deur God se sorg as Outeur (bv. Hebr. 1:1; 2 Petr. 1:21; 2 Tim. 3:16) vir ons nie te min is nie en dat dit vir ons as kerk genoeg is.

In die boek Deuteronomium word dit die volk Israel op die hart gebind om die geboeie en verordeninge van die Here te bewaar. Moses moet dit opskryf. Jeremia moet ook al die woorde van die Here opskryf in 'n boek (Jer. 30:2). Daniël raadpleeg die boeke (Dan. 9:2) en luister daarna (Dan. 1:8, 9:10-11).

Die Here Jesus omskryf in Lukas 24:44 die Ou Testament as 'n afgeronde geheel: die wet van Moses en die profete en die psalms. In Johannes 5:39 lees ons ook van 'n afgeronde en gesaghebbende lys boeke: die Skrifte. Ook Timotheüs ken van kleins af dié heilige Skrifte. En Petrus stel die briewe van Paulus op een lyn met "die ander Skrifte" (2 Petr. 3:15-16).

Die Bybel is nie net die oudste boek nie, maar ook die Boek wat die meeste herdruk word. Om in die vraag na Bybels te kan voorsien, moet daar meer as een Bybel of Bybelgedeelte per sekonde gepubliseer word, dag en nag! Die Bybel is die mees verspreide boek, want dit is die mees geliefde boek, maar tergelykertyd ook die mees gehate en bekritiseerde boek. Baie keer het dit gelyk (en nou nog) of die Bybel die aanslag van die duiwel nie kan teenstaan nie. Soos byvoorbeeld:

- Toe die groot Romeinse keiser Diocletianus in 303 n.C. 'n bevel uitgevaardig het dat alle Christene en hul heilige Boek vernietig moet word. Duisende mense is gedood en baie Bybels is vernietig.
- In die Middeleeue toe die Roomse Kerk die Bybel van die mense weerhou het en die gewone mense nie die Bybel kon lees nie.

So is daar nog baie voorbeelde in die geskiedenis van die kerk.

Hier blyk God se almag weer duidelik, want 22 jaar na keiser Diocletianus se aanval op die Christene het keiser Constantyn die Bybel tot die enigste gesaghebbende boek verklaar. Hy het ook vir Eusebius opdrag gegee om 50



kopieë van die Bybel op regeringsonkoste te maak. Dit was nie die enigste keer nie: die beroemde Franse rasionalis Voltaire het gespog dat die Bybel binne 100 jaar nog net in antiekwinkels te vinde sou wees, maar binne 50 jaar na sy dood het die Geneva Bible Society sy drukpers en sy huis gebruik om stapels Bybels te produseer! En probeer of jy nog 'n boek van Voltaire in die hande kan kry.

Die Here sê in Jesaja 44:25, 26:  
Ek stel die toekomsvoorspellers aan die kaak,  
Ek maak die waarsêers belaglik.  
Ek weerlê die geleerde mense,  
Ek ontmasker hulle kennis as dwaasheid.  
Ek bevestig die woorde van my dienaar,  
Ek bring wat my boodskappers aangekondig het tot vervulling.

Die aanvallers van die Bybel, dié wat dit probeer vernietig het, het lankal gesterf. Hulle aanvalle is verkeerd bewys, want die Bybel staan steeds soos 'n rots! Het ons nie nou nog meer rede om God dankbaar te wees vir sy genade en vir daardie wonderlike Boek wat Hy op so 'n wonderbaarlike manier tot stand laat kom het nie?

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang,  
laat ons dankbaar wees,  
en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.  
(Hebr. 12:28)

Bronne:  
Het ontstaan van de Bijbel  
*Wie maakte de Bijbel?* Dr. J. van Bruggen

---

# Voel jy ook so?

---

## GENADEDOD

In vandag se lewe is dit 'n veelbesproke onderwerp. In 'n wêreld waar die mens glad nie rekening hou met God of sy gebod nie, word hierdie 'praktyk' gebruik soos dit die mens pas en om aan sy behoeftes te voldoen. Hier staan die mens sentraal en nie God nie - Hy wat die Skepper van lewe is.

Die woord 'genadedood' is uit Grieks vertaal en beteken 'goeie dood'. Maar is die dood werklik goed? Die Here wys vir ons in die Bybel dat die dood beslis nie deel was van die Skepping nie. Die dood - in liggaamlike sin - is God se straf op die sonde (Rom. 5:12 en 6:23). Die Bybel noem die dood 'n vyand wat deur Christus oorwin moet word en die totale vernietiging van die dood sal ons sien as die nuwe aarde en hemel kom (Op. 21:4). Die gelowiges mag, vanuit God se oorwinning, van die dood as 'n 'goeie sterwe' praat, omdat hulle dan by God in die hemel mag wees en verlos is van skuld en alle gevolge van die sonde.

**Petra Ros**

Onder 'aktiewe eutanase' verstaan ons: 'n doelbewuste beëindiging van 'n menselewe op grond van onder meer 'n ongeneeslike siekte, geestelike en liggaamlike aftakeling a.g.v. ouderdom en ernstige lewensverminking reeds vanaf geboorte, wat as onmenswaardig geag word. Dit verskil van moord, omdat by eutanase innerlike gevoelens betrokke is. Verder is daar ook passiewe eutanase wat 'n opsetlike nalating is van lewensverlengende handeling; vrywillige eutanase wat lewensbeëindiging is met toestemming of op versoek van die pasiënt, en nie-vrywillige eutanase wat lewensbeëindiging is sonder toestemming of versoek van die pasiënt.

Het die mens die reg om oor sy eie lewe te beskik? Wat sê die Bybel daarvan? God het ons geskep en ons is totaal van Hom afhanklik. Dat ons na sy beeld geskep is, gee 'n groot verantwoordelikheid. Ons is sy



verteenwoordigers op aarde en moet in gehoorsaamheid aan Hom leef. Die ware vryheid vir 'n mens is dat hy in alles aan God gehoorsaam wil wees. Die groot vraag by aktiewe eutanase is of ons iemand op sy versoek mag doodmaak. Volgens Genesis 9:6 mag dit beslis nie! Ons liggaam is 'n tempel van God en ons mag dit nie self afbreek nie. Die tye van die mens se lewe is in Gods hand (Ps. 31:16). Dit is nie vir ons om te besluit of 'n lewe 'sinvol' is of nie.

Ons moet leer om in vertroue op Jesus Christus as ons Verlosser te wag - om te wag op die oomblik dat die Vader in die Hemel iemand laat sterwe.

## PROGRESSIVE CREATIONISM

Did God use vast ages of time, even millions and billions of years to bring the universe and the world to its present form? Many Christians have adopted this view during the past two centuries in order to bring the Bible into harmony with the consensus of contemporary scientific opinion.

Progressive creationists, such as Drs. Hugh Ross and Robert Newman, profess faith in the inerrancy and infallibility of the Bible and reject more radical vies such as theistic evolutionism (e.g. Dr. Howard van Till), but nevertheless also believe in the timetable of Big Bang cosmology. They believe that millions of years separated the (miraculous) appearance of the various kinds of living things.

The efforts of most secular scientists to explain the ultimate origin of the universe in terms of purely natural processes, however, suffer from severe limitations. No one except God was there when the universe began, and thus no human being could have observed *the nature, the sequence or the duration* of the original events. That is why scientists differ so profoundly from each other on this vital issue.

Four thousand years ago, God said to Job: "I will demand of thee, and answer thou me. Where wast thou when I laid the foundations of the earth? Declare, if thou hast understanding" (Job 38:3,4). The stupendous impact of that question continues to the present hour.

One of the truly amazing things about the Bible is that it agrees with itself! Even though God used forty human authors over two thousand years, and even though highly complex topics are dealt with, there are no contradictions! Job and Moses, the earliest Bible writers, are supplemented - not contradicted - by the last writer, John. That is because the Spirit of God "moved" them to record what was beyond their own finite limitations (II Peter 1:21, cf., I Peter 1:11).

The intricate details of Genesis 1-2 are sufficient in themselves to negate the theory of Progressive Creationism. This discussion must await a future article. However, our purpose at this time is to demonstrate that stretching the days of creation to millions of years to accommodate secular theories becomes even more absurd when we allow the entire Bible to shed its essential light upon the first chapter of Genesis. For example, it was through the mere spoken word of the pre-incarnate Christ, "the Word" (John 1:1,3; 1:14) that "all things were made." But how, actually, were the heavens and the earth created through the Second Person of the Triune Godhead? *What method* did He use, and *how long* did He take to do the work of creation? Here is the amazing answer: "By the word of the LORD were the heavens made; and all the host of them by the breath of His mouth... For He spake, and it was done; He commanded, and it stood fast" (Psalm 33:6,9). Note carefully that God did not create

a tiny speck of energy from which the stars and planets gradually formed through billions of years as the Big Bang theory requires. Instead, "the heavens ... [even] all the host of them" (Genesis 2:1) came into existence instantly. Progressive Creationism is rendered impossible by this statement. The second book of the Old Testament confirms what the first book says about the duration of creation events: "in six days the LORD made heaven and earth, the sea, and all that in them is" (Exodus 20:11, cf., 31:17). No Israelite, hearing these words, could have understood them as allowing for long periods of time. They knew that the six days in Genesis were literal days, because each of them was identified by a numerical adjective (one day... second day... etc.), and each of them was locked into the 'evening-morning' formula which refers to a 24-hour period. This includes the seventh-day Sabbath, which all Jews understand to be a literal day.

A major problem with Progressive Creationism is its insistence that animals (and even pre-Adamic 'men') died long before Adam sinned. Thus, the strong Biblical connection between sin and death is broken. The reason why "the whole creation groaneth and travaileth in pain together until now" and is in "the bondage of corruption" is because it "was made subject to vanity, not willingly [i.e. because of some inherited design defect], but by reason of Him [God] who hath subjected" the creation to the curse at the time of Adam's rebellion (Romans 8:20-22). Thus, there could have been no death in the animal kingdom before the Fall and the curse.

The characteristics of the coming thousand-year Kingdom of Christ (cf., Revelation 20:2-7) show us clearly what the animal kingdom was like in the pre-Fall world. Indeed, as Genesis 1:30 affirms, all animals at the beginning of the world were exclusively plant-eaters, like Adam and Eve (v.29). This totally excludes the possibility of millions of years of death in the animal kingdom before the Fall, and thus of Progressive Creationism.

How can Christians believe in an 'old earth' when our Lord stated that Adam and Eve were created at "the beginning of the creation" (Mark 10:6)? Christ our Creator further asserted that the blood of the prophets, including Abel who was murdered by his older brother because of his faithfulness to God, began to be shed at "the foundation of the world" (Luke 11:50). In fact, human tribulation, which began for Adam and Eve when they were expelled from the Garden, has occurred "from the beginning of the creation which God created" (Mark 13:19), not millions of years after the earth was formed.

We conclude that progressive revelation - each additional verse shedding infallible light on previous revelation - demonstrates conclusively that old-earth Progressive Creationism must be abandoned by those who claim to believe that God has not erred in his written revelation of truth in the sixty-six books of the Bible.

*Article by John C. Withcomb, published in Impact by ICR (Institute for Creation Research)*

---

## DIE GESIN – NOG RELEVANT VANDAG ?

**Albert Drijfhout**

As ons vandag om ons kyk, sien ons 'n wêreld wat al hoe meer wegbeweeg van God se Woord. Dit is ook duidelik sigbaar aan die gesinne van vandag. 'n Gesin word vandag nie meer gesien as iets wat deur God daargestel is nie. Dit is vandag niks meer nie as 'n paar persone wat saam onder een dak bly, dalk nog af en toe saam eet en verder waar die een die ander so veel as moontlik tot hul eie voordeel inspan. Dit is heelwat anders as wat God ons leer in sy Woord, naamlik dat ons saam 'n gesin is om mekaar te help en te ondersteun. Die kerk is in hierdie individualistiese wêreld nie

immuun teen die verskynsels nie, daarom is dit dalk goed om weer 'n keer te kyk na wat God se plan was met die gesin.

Die Bybel leer ons dat die gesin ingestel is deur God en nie deur mense nie. Hy doen dit in Genesis 2:24 waar hy vir Adam 'n vrou gee. Die instelling van die gesin gaan dus saam met die instelling van die huwelik. Die een begin nie sonder die ander nie. Die huwelik is die basis van die gesin dit is dus nie 'n verrassing as gesinne vandag niks meer beteken nie in 'n tyd wanneer die huwelik ook nie meer hoog geag

word nie. Die wêreld het die twee heeltemal losgemaak van mekaar. Volgens hulle is 'n huwelik moontlik sonder 'n gesin en 'n gesin moontlik sonder 'n huwelik.



God leer ons egter anders, omdat Hy weet wat die beste is vir ons; Hy weet hoeveel hartseer en pyn daar is as die twee los van mekaar staan.

Dit is opvallend dat God in die Bybel meestal na gesinne of families kom met sy beloftes. Ons kan dit duidelik sien met Noag as God 'n verbond sluit met Noag en sy gesin. God red Noag en sy gesin van die vloed, omdat God met hulle as 'n geheel wil werk (Gen. 6:18). Ons sien dieselfde as God vir Abram en sy gesin roep om te gaan na die land wat Hy hulle sal wys (Gen. 12:1). Ook in die Nuwe Testament gaan God voort om met gesinne as 'n geheel te werk. Dit word duidelik as Paulus die tronkbewaarder van Filippi en sy hele gesin doop (Hand. 16:33,34).

Maar God bring nie net sy genade na gesinne as 'n geheel nie - ook sy oordeel kom na hele gesinne. Dit blyk as God Agan straf. Hy en sy hele gesin word gestenig en verbrand. God is dus onveranderlik en eerlik. Hy sluit sy verbond met hele gesinne, maar daarom deel hulle ook almal in sy straf.

Hoe anders is dit as wat ons vandag om ons sien. Vandag leef elkeen vir homself. Indien hulle nog deel is van 'n gesin, is dit net omdat hulle sekere voordele vir hulleself daaruit verkry. Die individualisme van vandag syfer selfs al deur tot in die kerk. Hoe dikwels word die klem nie geplaas nie op die individu en sy

geloof en verhouding met God. So al asof dit niks met ander te doen het nie. Die hele verbondskarakter van die gesin verdwyn in die niet. Die gevolg daarvan is dat daar in die gesin nie meer saam uit die Bybel gelees en huisgodsdienste gehou word nie. Omdat elkeen sy eie lewe lei, lees elkeen nou maar voor hy gaan slaap gou 'n stukkie uit die Bybel. Dit lyk alles so goed en mooi, niemand kan iets daarvan sê nie. Daar word tog uit die Bybel gelees. Maar as ons werklik die plek van die gesin in God se verbond begryp, sal ons tog anders lewe. Die boek Spreuke is baie duidelik. Die pa moet as hoof van die gesin sy kinders onderrig in die Christelike leer. En hoe is dit anders moontlik as om saam as gesin uit die Bybel te lees en huisgodsdienste te hou? Ouers moet hul kinders vertel van God se roemryke dade (Ps. 78:3,4); hulle het immers beloof dat hulle dit sal doen by hul kinders se doop.

Die wêreld leer ons dat elkeen self sy eie pad moet vind. Ouers word aangesê om hul kinders meer vryheid te gee - dit is mos hul reg om self hul eie keuses te maak? As hul pad effens skeef is terwyl hul nog jonk is, maak dit nie so baie saak nie; hulle is mos nog jonk en moet nog van die lewe geniet! Wat hulle eintlik doen, is om die tug uit die gesin te verban.

Spreuke 13:24 skep egter 'n ander prentjie. Die ouers wat hul kinders liefhet, sal hulle tugtig as hulle afdwaal. Ouers wat regtig omgee vir hul kinders sal nie net sug en hoop vir die beste as hul kinders 'n skewe pad loop nie. Hulle sal hulle vermaan en selfs straf as dit nodig is, want ook in jou jonkheid moet jy as Christen lewe (Spr. 20: 11). Die gesin speel dus 'n baie belangrike rol in die uitoefening van die tug.

Die gesin is 'n middel wat God daargestel het vir ons, sodat ons Hom daardeur kan dien. Dit is dus nog baie relevant vandag, veral omdat dit as ondersteuning moet dien vir ons in hierdie sondige wêreld. Dit bring natuurlik ook mee dat die lede van die gesin 'n taak het ten opsigte van mekaar, naamlik dat ons mekaar moet help en bemoedig in Christus. Uit onself wil ons egter eerder met die wêreld saamgaan en die gesin aan die kant skuif. Laat ons Hom daarom bid vir krag om hierteen te waak en as gelowige gesinne voor Hom te lewe.

## HARRY POTTER – MAG ONS DIT LEES?

**Sjirk Geerts**

Die nuutste Harry Potter-boek, *Harry Potter and the Order of the Phoenix*, is 'n paar maande gelede met groot fanfare in Suid-Afrika bekendgestel. Waarom al die bohaai daaroor en reklame vir hierdie vyfde Harry Potter-boek? Nog nooit in die verlede het Afrikaanse koerante, onder andere *Beeld* en *Rapport*, met die vrystelling van 'n boek soveel aandag daaraan gegee nie.

Hierdie boek is nog nie by ons biblioteke beskikbaar nie en ook nog nie in Afrikaans vertaal nie. Ons kyk dus na die vorige vier om te sien waarom dit so hoog aangeprys word. Van dié vier boeke is daar meer as 50 miljoen kopieë wêreldwyd in 2001 verkoop en in 2002 al in 47 tale vertaal.

Die rolmodel in die verhaal, Harry Potter, is op eenjarige ouderdom wees gelaat toe sy ouers deur die Heer Woldemort, 'n toenaar, vermoor is deur towerkuns. Hy het 'n dodelike vloek oor Harry uitgespreek toe hy weens sy ma se plekbekledende dood die situasie oorleef het. Hy is deur die Dudleys op hulle stoep gevind met 'n teken soos 'n weerligstraal op sy voorkop. Onbewus daarvan, het Harry oor buitengewone towerkrag beskik. Oom Vernon, tant Petunia en hulle seun, Dudley, wou hom nie grootmaak nie, want sy ouers was toenaars. Hulle wou nie hê hy moes weet van sy verlede nie en het aan hom vertel sy ouers is in 'n motorongeluk dood, waarin hy ook die litteken opgedoen het.

In sy twaalfde jaar het 'n posuil 'n brief kom aflewer waarin hy genooi is om die Hogwartskool vir hekse en toenaars in 'n ou kasteel naby die dorpie Hogsmeade by te woon. Hier word hy vir sewe jaar opgelei - vandaar die beoogde sewe boeke, een vir elke jaar. Hy vlieg deur die lug met 'n heksebesem, gebruik 'n towerstaf, 'n toenaarshoed en 'n onsigbaarheidsmantel wat hy van sy oorlede pa geërf het. Hy leer alles oor die voorbereiding van towerdrankies, asook towerspreuke en -vloeke. Hy praat met spoke, geeste en afgestorwenes. Hy het kontak met verskeie bonatuurlike gedrogte en beoefen astrale reise.

Baie mense probeer naïewelik geestelike krag soek, maar sonder die Heilige Gees. Dit is maar net 'n klein stappie van Harry Potter na eksperimentering met die okkulte. Ons moet nie die afgryslieke realiteit van bese geeste en hekserie - omdat dit so ver van ons af is - hanteer asof dit plesierig is nie. Dit is gevaarlik - op elke vlak.

### **Die Here ken ook hierdie magte en wat sê Hy?**

? Ef. 6:11-13: "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die list van die duivel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug."

? Matt. 12:34-37: "... uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn."

? 1 Kor. 10:31: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."

? Filippense 4:8: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."

? Gal. 5:19-21: "En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, **towery**, vyandskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery."

Hoe vergelyk dit met die volgende aanhalings uit die boeke:



\* "'n Vreeslike stank laat hom amper flou word, 'n mengsel van ou sokkies en dié soort openbare toilet wat niemand ooit skoonmaak nie."

\* "Hy trek sy towerstaf uit die trol se neus. Dis bedek met iets soos klonterige grys gom. Jig - trolsnot."

\* "Fillis skree uit: 'groot sissende drakedrek ... paddabreins ... rottederms ... ek het genoeg gehad.'"

\* "Harry kan nie Hogsmeade toe gaan om soos sy maats stinkpille, kotspoeier en warrelwurms te koop nie."

\* "Jy dink tog nie dat ek my Moggelpa se naam vir altyd moes gebruik nie, of hoe? Ek in wie se are die bloed van Salazar Slibbiren van moederskant vloei? Iemand wat my kort na my geboorte in die steek gelaat het toe hy uitvind dat sy vrou 'n heks is? Nee Harry, ek het vir myself 'n nuwe naam geskep, 'n naam wat ek geweet het die towenaars regoor die wêreld eendag te bang sal wees om te sê ... die dag toe ek die grootste towenaar in die wêreld geword het."

\* "Die lekkers - een smaak soos braaksel, die ander soos oorwas."

\* "Rooikappies is nare klein gnoomagtige kreature wat oral skuil waar daar bloed vergiet is in die kerkers, kastele en in die kraters van verlate slagvelde waar hulle wag om diegene wat verdwaal het, met hulle knuppels te moker."

Sataniese simbole en gebruike kan feitlik op elke bladsy van al vier die boeke gevind word: swart katte en swart honde; swart hoede en towermantels; die slange, veral die basilisk

wat Satan, opperheer, simboliseer; die Feniks (G.phoenix), 'n fabelagtige voël wat die Grieke geglo het hom laat verbrand op 'n brandstapel van geurige kruie en dan altoos weer verjong uit die as herrys - 'n simbool van reïnkarnasie. Verder is daar kristalflessies of -glase en kristalballe, 'n heksetel, towerstawe, towerdrankies, spreuke, 'n koperweegskaal, heksepunthoede, uile, vlermuise. Afgesien van die simbole is daar praktyke soos geeste wat opgeroep word, kommunikasie met spoke, fortuin word vertel, hulle sien voorbodes, animagie vind plaas en hulle onderneem astrale reise. Die volgende name in die boeke is alles name van bestaande duiwels en demone: Azkaban, Circe, Draco, Erised, Hermes, Lithern (Slibbiren in Afrikaans).

Een van die weinige voordele van die eerste vier boeke is dat daar nie growwe vloekwoorde is nie en daar is ook geen seks nie. Dit was 'n slim voorneme, anders sou die boek summier veroordeel kon word, maar die goeie soos die Christen dit ken, seëvier nooit oor die slegte nie. Die slegte seëvier oor die slegste.

1 Kor. 10:19-22 lees: "Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafels van die duiwels nie. Of wil julle die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?" Laat ons gewaarsku wees!

---

## MY LEWE?

### **Anoniem**

Het jy jousef al goed bekyk? Nie voor die spieël nie, maar binne-in jou hart? Weet jy wie jy is en ken jy jou karakter?

Wat het daaruit geblyk? Het jy al 'n keer *in eigen hart gekeken, des avonds voor het slapen gaan*, soos 'n digter dit gedig het? Sy bedoel hier nie om in jou hart te kyk en te dink, *wow*, ek het weer iets goeds gedoen nie.

Laat jy elke dag alles maar gaan soos wat dit is en dink nooit oor die dinge van dié dag nie?

Hoe voel jy oor die lewe? Hoe voel jy teen ander, of beter gesê, hoe ondersteun jy jou naaste? Leef jy op jou eie eiland waar niemand jou kan pla of waar jy nie vir ander hoef om te gee nie? Hierdie vrae is nie nutteloos nie. Hoe baie van ons leef ons eie lewe sonder dat ons naaste ook 'n plek het? Ons leef nie alleen nie. Heeldag is daar mense om ons. Ons leef met hulle, praat met hulle en speel met hulle.

Maar die vraag is, HOE leef ons met hulle? Ons weet immers dat daar verskeie maniere is hoe om met jou naaste om te gaan. Jy kan byvoorbeeld 'n masker dra, sodat niemand weet hoe en wie jy werklik is nie. Al hou jy nie van iemand nie, saam vorm ons die groep 'mense'. Daar is so baie verskille in innerlike en uiterlike, tog moet jy daaglik met hulle lewe. Hoe gaan jy om met hulle? Is jy 'n vriend met jou vriende en 'n vyand met vyande? Hou jy vrede met mense?

Rom. 12:18: "... sover dit van jou afhang, leef in vrede met alle mense." Realiseer ons nog hoe die Heiland ons oproep tot 'n lewe vir God en ons naaste? Hou ons die lewe self en met ander vol soos die Here Jesus dit van ons vra? Kyk maar weer in jou hart voor jy saans gaan slaap, eerlik en opreg. Hoe leef jy met jouself en ander? Dit is vrae wat om 'n antwoord roep. Elkeen moet antwoord daarop gee. Dit is onontkombaar.

Ons Christenwees word aan ons lewe herken!



## GUTENTAG, JUGEND

Die son skyn verwoed, die jeug se aktiwiteite verminder daarom drasties en dit is seker ook die verklaring vir die taamlieke stil jeugseisoen. 'n Ander verklaarbare rede is die eksamens wat die matrieks tans (tans? - mens weet nooit met die Olielamp nie...) skryf. Die menings is nogal uiteenlopend oor hoe die eksamen gegaan het. Reinhart sê byvoorbeeld dat dit maklik was en Ronald skud sy kop net en sny sy vingers die dag voor hy Chemie moet skryf.

Die van julle wat nie geweet het nie, ons kan Ronald maar gerus Donald Duck noem. In teenstelling tot Iwan 'Guus Geluk' Agema, het Ronald maar altyd Bad Luck (met hoofletters). Die storie gaan so. Hierdie jong man het een aand besef hy is lus vir biltong en toe hy dié heerlike Suid-Afrikaanse delikasie sny, sien hy net ewe skielik 'n maagdelike wit, gevolg deur die dinamiese rooi wat bloed so kenmerk. Sodoende het hy in die hospitaal beland en het hy sy Chemie-eksamen effens gemis. Maar dit is volgens kenners 'n baie goeie taktiese maatreël, want Chemie is natuurlik ook nie die mees prettige ervaring nie. So maats, pasop vir hierdie skraal man genaamd Ronald: moet nooit, maar dan ook nooit, sy brein onderskat nie!

Voor die dilemma van die Mes van Ronald (die artikel is effens onchronologies, maar dit is ter wille van dinamiek) het die matrieks nog 'n

matriekafskeid gehou. Dit was skynbaar ook nogal heel lekker. En, soos maar altyd, het niematrieks ook die vrugte van die fees gepluk. Hierdie keer nie Marius nie (en sodoende kon hy nie weer *brag* dat hy al vir sy 118de keer gaan nie), maar Schalk 'da Main Man' van der Walt, wat Liza vergesel het. Verder was daar nog meer oue getroues, soos Frank wat natuurlik saam met Monique gegaan het en seker stokoud moes gevoel het. Frank en Schalk het seker besef dat gratis kos altyd handig is, veral in die moeilike tye van *post-war* dilemmas. En hieruit kan ons aflei dat mens ook nie hulle breins mag onderskat nie. Ons jeug se breinkrag raak by die paragraaf meer imponerend.

Hulle is weer hier ... die Nederlandse 'stage-lopers', en hierdie keer is die een genaamd Hanneke (*what else?*) en die ander een Fabianne. Ek hoef nie eers te vra nie, want mens weet gewoon dat hulle dit hier sal geniet, want kom ons wees eerlik: Suid-Afrika bly maar die beste, hoor! Welkom in ons mitte.

En hiermee sluit ons sommer weer die bespreking af en is daar nog geleentheid vir rondvraag ...

Totsiens  
Voetspoor

## UITVERKIES

Selfbewus en skaam  
het julle daar gestaan,  
uitverkies deur God,  
heel voor in die kerk,  
sy Gees het dit bewerk.

Die vrae word gevra,  
spontaan klink dan jul ja,  
sal julle wel besef,  
dat wat Hy van julle vra  
is om sy kruis te dra.

As julle op 'n kruispunt staan,  
moet julle in sy voetspoor gaan,  
jul lewe lank moet julle kies,  
altyd weer moet streef,  
om na sy wil te leef.

Alleen is dit 'n onbegonne taak,  
laat u Gees oor hulle waak,  
hou U hul by die hand  
waar hulle ook mag gaan,  
totdat hul voor u troon mag staan.

Uit: *HART VAN GLAS*

**K. v.d.Veen**

## KONGRES 2003

Hail to thee youth o' the VGK,  
When shall we meet again?  
At Kongres 2003?  
Our dearest partners of greatness, thou art  
welcome  
In the castle of Pretoria, which hath a  
pleasant seat;  
The air nimbly and sweetly recommends  
itself unto our  
Gentle senses  
Dress yourselves in borrowed robes in  
Shakespearian style and attend  
The Kongres (23-27 December 2003 A.D.)  
The main theme is in thy native tongue:  
"Ons eenheid in Christus".  
Please it thee to grace us with thy great  
company?  
Then what is thy name?  
Speak  
Demand  
We'll answer.  
'Til then - enough. Come friends.  
I bid thee farewell.

The board of directors  
Kongres 2003

## VERJAARSDAE

<b>Bethal</b>		<b>Kaapstad</b>		Maryke Aartsma	09-Des
Germari Nel	02-Nov	Elizabeth Raimond	10-Des	Matthijs van der Hout	13-Des
Nicky Grobler	02-Nov	Magda Geleijnse	31-Des	Marinus van der Hout	19-Des
Riaan Porter	07-Nov	<b>Maranata</b>		<b>Pretoria</b>	
<b>Johannesburg</b>		Cora Visser	16-Nov	Albert-Jan Zielman	12-Nov
Reinier de Haan	12-Nov	Regina van den Bout	30-Nov	Carina Bijker	05-Des
Marietjie Bijker	22-Des	Johan Sterk	01-Des	Tanya de Vente	07-Des
Arjan van der Lugt	22-Nov	Willem Sterk	01-Des	Lientjie Stolper	17-Des
		Axel Hagg	02-Des	Richard de Vente	23-Des
		Gerda de Jager	09-Des	Timo Schuring	28-Des